# Perspektiewe vir ’n normatiewe politiek: die boodskap van die Instituut vir Reformatoriese Studie (IRS) tydens ’n stormagtige staatkundige tydperk (1976-1996) in Suid-Afrika

B.J. van der Walt
Skool vir Filosofie
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: hannah@intekom.co.za

**Abstract**

**Perspectives for a normative politics: the message of the Institute for Reformational Studies (IRS) during a turbulent constitutional period (1976-1996) in South Africa**

*This essay has a two-fold aim. It firstly investigates the political message of the IRS during the period of approximately 1976 to 1996 as well as its relevance for the contemporary political dispensation in South Africa. Secondly, for the purpose of future research, it provides the results of bibliographical research about IRS publications on politics and related issues.*

*The first (systematic) part starts with the worldviewish foundations for a Christian perspective on politics. Then the value of a structural analysis of the state is explained in detail. Finally a few guidelines for political action are given. In the second (bibliographical) section the material is arranged (in order to follow the historical development) in a chronological order and the different IRS series are given (in view of further research) in separate bibliographies.*

**Opsomming**

**Perspektiewe vir 'n normatiewe politiek: die boodskap van die IRS tydens 'n stormagtige staatkundige tydperk (1976-1996) in Suid-Afrika**

*Hierdie artikel het 'n tweevoudige doel. In die eerste plek ondersoek dit die politieke boodskap van die IRS gedurende die periode van ongeveer 1976 tot 1996 asook die betekenis daarvan vir die huidige politieke bestel in Suid-Afrika. In die tweede plek voorsien dit die resultate van 'n bibliografiese ondersoek na IRS-publikasies oor politiek en aanverwante sake.*

*Die eerste (sistematiese) gedeelte begin met die lewensbeskoulike grondslae van 'n Christelike perspektief op politiek. Daarna word die waarde van 'n struktuuranalise van die staat in detail verduidelik. Dié gedeelte sluit af met enkele riglyne oor hoe dié visie deur politieke aksie verwesenlik kan word. In die tweede (bibliografiese) afdeling is die materiaal (om die historiese lyn te kan aantoon) kronologies weergegee en die verskillende IRS-reekse word (met die oog op verdere navorsing) ook afsonderlik weergegee.*

## 1. Inleiding: verloop, probleme, doelwitte, werkswyse en opset

Die IRS het vanaf 1962 tot 1999 aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys bestaan. Vir oorsigte oor die hele periode van sy ontstaan en eventuele sluiting kan Van der Walt (2006; 2008) en Van Eeden (2006) geraadpleeg word (vgl. *Bibliografie,* A).

Hierdie ondersoek word hoofsaaklik beperk tot die tydperk 1976 tot 1996, aangesien dié periode in die geskiedenis bekend staan as die dikwels stormagtige oorgangstyd van 'n apartheids- of minderheidsregering na 'n meer demokratiese grondwet. Die IRS moes veral in hierdie periode *nuwe*, normatiewe leiding vir die Suid-Afrikaanse politiek bied.

### 1.1 'n Merkwaardige verloop

Drie stappe in die geskiedenis (1976, 1996 en 2008) dui 'n merkwaardige ontwikkeling aan:

- In 1976 reël die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (later herdoop tot die Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika) 'n konferensie wat soos nog nooit tevore opslae gemaak het nie. Dit handel oor "Geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing". Die IRS

publiseer die referate en besluite (vgl. Heyns, 1976 – *Bibliografie* D) en deel dus in die vuurwerke. Hierdie stem uit Potchefstroom toon aan dat die destydse staat sy kerntaak, naamlik geregtigheid vir almal, nie kon nakom nie.

- Twintig jaar later, in 1996 (vgl. *Orientation,* 1996 – *Bibliografie,* E), kon die IRS egter 'n internasionale konferensie aanbied onder die tema "Christianity and democracy in South Africa". In die openingstoespraak kon die direkteur van die IRS (*Orientation*, 1996:1-8) dus na 'n nuwe stem uit Potchefstroom verwys. (Vir meer inligting oor "die stem van Potchefstroom in die Suid-Afrikaanse samelewing", vgl. Van Eeden, 2006:485 e.v.) Die stryd teen apartheid is met 'n demokratiese bestel vervang.
- Die merkwaardige is dat slegs drie dekades na die eerste konferensie in 2008 'n nuwe konferensie oor "Geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing" nie onvanpas sou wees nie. Die vraag word al meer gestel of die demokrasie (algemene stemreg en 'n veelpartystelsel), wat Suid-Afrika sedert 1994 het, werklik in staat is om geregtigheid te laat geskied. Dit wil lyk asof 'n meerderheidsregering nie noodwendig aan hierdie kernnorm van die politiek beantwoord nie.

Saamgevat sou 'n mens kon sê: Suid-Afrika het 'n nuwe koersaanduidende visie vir die samelewing in die breë en in die besonder vir die politiek nodig. Ten diepste ontbreek dit aan 'n Christelike *normatiewe* visie, want norme stel grense, dui rigting aan, sê wat goed en reg is en wat as sleg en verkeerd vermy moet word.

## 1.2 Enkele huidige probleme ter illustrasie

Vóór 1994 het Suid-Afrikaanse howe nie eintlik 'n substansiële toetsingsreg gehad nie. Die politieke mag was in die party (of koalisie van partye) gesetel wat die meerderheid in die parlement verkry het (die Westminsterstelsel). Ná 1994 (vgl. Suid-Afrika, 1996) het die RSA 'n regstaat of grondwetlike demokrasie verkry. Die Konstitusionele Hof is nou in staat om politieke aktiwiteite aan 'n soewereine grondwet met 'n handves van menseregte te toets.

Die vraag is egter tot hoe 'n mate hierdie regeringsvorm onder die breë bevolking inslag gevind het. Baie mense het heel waarskynlik meer lojaliteit teenoor 'n bepaalde party en leier as 'n grondwet. Het Suid-Afrika net 'n *formele* regstaat of ook 'n *feitelike* regstaat wat in die praktyk tot geregtigheid lei? Glo die aanhangers van die voortgesette ANC-revolusie sedert die einde van 2007 werklik in die onafhanklikheid van die regbank?

Dit sou egter onregverdig wees om die kritiek alleen tot die regerende ANC-party en -regering te rig. Is ander partye beter in staat om basiese vrae oor die politiek te beantwoord? Konsentreer hulle nie ook maar pragmaties op allerllei minder belangrike geskilpunte van die dag nie?

Die vrae wat 'n mens hier in gedagte het en wat deur 'n normatiewe politiek gestel behoort te word, is byvoorbeeld die volgende:

- Waarom bestaan iets soos 'n staat?
- Wat is die verhouding tussen die owerheid (regering) en die burgers (onderdane)?
- Hoe pas politieke partye in dié geheel in?
- Het die staat 'n spesifieke, beperkte taak of kan dit op alle lewensterreine optree en selfs voorskryf?
- Moet en hoe kan politieke gesag en mag beperk word?
- Wat is die staat se verhouding tot ander samelewingsverhoudings en lewensterreine soos die kerk, ekonomie, tegnologie en so meer?
- Kan ('n akte van) menseregte werklik onpartydige, algemene geregtigheid verseker?
- Hoe mag en moet burgers optree om hulle ontevredenheid met die beleid en praktyk van die regering op 'n effektiewe wyse te laat hoor?
- Is demokrasie (regering deur die *people*) die beste staatsvorm?

Hierdie vrae impliseer 'n fundamentele herbesinning oor die politiek (staat, regering, burgers, ens.). Sulke en soortgelyke vrae behels 'n oproep; terug na die mees basiese vertrekpunte.

Die volgende vraag is in hoe 'n mate die intellektuele nalatenskap van die IRS – wat self ook tydens 'n moeilike oorgangstyd politieke leiding moes gee – dalk antwoorde op sulke en ander belangrike politieke probleme sou kon bied.

## 1.3 'n Dubbele doelwit

Hierdie ondersoek het twee fokuspunte: 'n sistematiese en 'n bibliografiese. 'n Verduideliking van die twee doelwitte is belangrik.

### 1.3.1 Die sistematiese gedeelte

Personeel van die huidige Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit het begin om die “intellektuele erfenis” van die ou Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op te spoor en vas te lê. Internasionaal is ook onlangs pogings van stapel gestuur om onder die tema “stewarding our heritage” die reformatoriese erfenis van sekere inrigtings na te vors en vir die toekoms te ontgin.

Die IRS se nalatenskap vorm deel van hierdie groter erfenis. Dit geld ook die politieke terrein. Sowel teoreties (d.m.v. navorsing en publikasies) as prakties (deur konferensies en hulle besluite) het die IRS kommentaar gelewer en leiding probeer gee tydens ’n stormagtige era in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis. Vanselfsprekend is heelwat van die destydse IRS-boodskappe tydsgebonde. Behalwe die historiese element, bevat dit egter ook blywende, prinsipiële insigte wat vandag nog net so relevant is. Die eerste (sistematiese) gedeelte van hierdie ondersoek wil die belangrikste elemente van so ’n normatiewe politiek uit die IRS-materiaal uitlig.

### 1.3.2 Die tweede, biliografiese gedeelte

Die historiese element is egter nie heeltemal onbelangrik nie. Inteendeel, die geskiedenis van die IRS bied ’n spieëlbeeld in die kleine van die politieke ontwikkelings wat in die breë in Suid-Afrika afgespeel het. Omdat dit belangrik is hoe die IRS se deurlopende kommentaar ontwikkel het (bv. van ’n pro- na ’n duidelike anti-apartheidsorganisasie), word die bibliografiese gedeelte aan die einde (*Bibliografieë,* B-E), in plaas van soos gewoonlik alfabeties volgens outeurs, kronologiese weergegee en die verskillende IRS-reekse gevolglik ook geskei. Die bibliografiese gedeelte toon vir die toekomstige navorser aan watter publikasies oor die politiek deur die IRS uitgegee is (tans moeilik om vas te stel, omdat hulle onder verskillende outeurs, redakteurs en vakgebiede gekatalogiseer is), wanneer hulle verskyn het en in watter reekse van die “Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO” hulle te vinde is.

## 1.4 Werkswyse

Die skrywer moes, om binne die beperkte ruimte van ’n artikel sy doel te bereik, die volgende beperkings aan die sistematiese gedeelte oplê.

Die artikel bied binne ’n beperkte lengte ’n *sintese* van die belangrikste trekke van ’n normatiewe visie op die politiek – dit beoog nie ’n

*kritiese* behandeling daarvan nie. Dit beoog dus ook nie *nuwe besinning* nie, maar wil die waardevolle elemente vir vandag uitlig. Kleinere nuanseverskille tussen die verskillende skrywers oor die onderwerp word gevolglik ook nie behandel nie. Verder word daar, anders as gebruiklik, nie bibliografiese verwysings in die teks gegee nie. Om honderde verwysings na talle skrywers te gee, sou dalk indruk kon maak, maar dit sou die artikel veel minder leesbaar en ook buitensporig lank maak. (Dít terwyl die artikel juis as aptytwekker wil dien om die leser aan te moedig om hom-/haarself verder in die groot hoeveelheid materiaal te verdiep.) 'n Volgende beperking is dat die lengte van 'n artikel dit nie toegelaat het om by elke belangrike punt 'n toepassing op die huidige politieke situasie te maak nie – die ingeligte leser sal self (ook in die lig van 1.2 hierbo) die verbande tussen toe en tans kan lê.

'n Laaste faset wat nie hier behandel word nie, is die moeilik beantwoordbare vraag wat die werklike impak van die IRS op die politieke situasie in die RSA was. *Dat* dit wel invloed gehad het op sy 3 000 lede, talle ander lesers en konferensiegangers blyk duidelik uit gereelde waarderingsbriewe, resensies, besluite en koerantberigte oor sy konferensies. Daar kan byvoorbeeld aangeneem word dat die IRS se konferensiebesluite (in *Orientation* gepubliseer) 'n bydraende faktor was tot die toelating van studente uit ander bevolkingsgroepe as blankes op voorgraadse vlak en in die universiteitskoshuise van die PU vir CHO. Presies hoe groot die politieke impak van die IRS was, is egter net so moeilik vasstelbaar as in die geval van enige ander organisasie of instelling in Suid-Afrika of daarbuite.

### 1.5 Opset

Die sistematiese gedeelte bestaan uit twee hoofdele: die visie en die praktyk. Onder die visie word die lewensbeskoulike vertrekpunte gegee asook die filosofiese uitwerking daarvan deur middel van 'n struktuuranalise van die staat. By die toepassing van die visie in die praktyk word eerstens klem gelê op politieke opvoeding; dan word aangetoon hoe die politiek op verskillende vlakke beïnvloed kan word; en ten slotte word op die vereistes vir geslaagde politieke drukgroepe gelet.

## 2. Christelike lewensbeskoulike vertrekpunte vir 'n samelewingfilosofie en politieke visie

'n Christen se politieke roeping sal nie baie duidelik wees indien slegs na 'n paar losstaande Bybeltekste ter ondersteuning gegryp word nie. 'n Christelike lewensvisie, op die Skrif gegrond, bied 'n

omvattender raamwerk waarbinne ook die politieke roeping geplaas moet word. Belangrike elemente van so 'n lewensvisie – waarop nie hier ingegaan kan word nie, maar waaroor heelwat in IRS-publikasies te vinde is – is 'n Christelike mensbeskouing en samelewingsvisie.

Volgens die sentrale Bybelse temas van skepping, sondeval en verlossing lê IRS-skrywers klem op die onderstaande aspekte:

## 2.1 Skepping en politiek

Die staat word in die Bybel dikwels met twee beelde geteken: 'n skild en swaard, omdat dit sy burgers en gebied moet beskerm (iets positiefs), maar waar nodig, ook moet straf (die negatiewe). Die positiewe (sorg vir goeie verhoudings tussen die regering en burgers en burgers onderling) staan egter voorop. Hoewel dus nie ontken kan word dat die staat 'n belangrike taak het om die kwaad te bestry nie, bestaan dit nie as gevolg van die sonde nie. Dit is dus nie 'n "noodsaaklike euwel" nie!

### 2.1.1 Kultuurmandaat

Volgens die Skrif het die mens vanaf sy skepping die opdrag om vir die natuur en sy medemens te sorg, hulle te beskerm en te ontwikkel (Gen. 1:28; 2:15). Dit word gewoonlik die omvattende kultuuropdrag van God aan die mensheid genoem: om namens Hom en volgens sy wil as "onderkoning" te regeer. In gehoorsaamheid aan God se norme moet die mens God "reflekteer", sy beeld vertoon.

### 2.1.2 Verskillende gestaltes van die liefde

In hierdie roeping tot diens is die mens aan God se fundamentele norm, sy liefdeswet onderworpe. Op al die maniere waarop liefde tot uitdrukking kan kom, moet die naaste gedien word: deur die versorging van die natuur, deur skoonheid te skep in die kunste, getrouheid in die huwelik te beoefen, as verantwoordelike rentmeester in die ekonomie op te tree, geregtigheid op politieke terrein na te streef en nog baie meer. Ook politiek is dus 'n roeping tot 'n bepaalde vorm van liefdesdiens aan die medemens.

### 2.1.3 Amp

Vanuit 'n ander lewensbeskoulike hoek gestel, kan gesê word dat elke mens – gelowige of nie – 'n amp beklee. Amp beteken nie primêr 'n gesagsposisie nie, maar eerstens diens.

Nog anders gestel: die mens is van nature 'n antwoordende wese. Sy lewe op elke terrein bevat 'n antwoord – of dit in gehoorsaamheid geskied of nie – op die opdrag van die Skepper. Om 'n antwoordende wese te wees beteken ook ver-antwoordelikheid.

'n Amp word egter nie net individueel vervul nie (bv. dié van profeet, priester en koning). Wanneer die mense vermeerder, word 'n mate van sosiale organisasie en institusionalisering nodig om vreedsaam te kan saamleef. Wanneer 'n mens die Bybel noukeurig lees, sien jy hoe verskillende samelewingsverbande geleidelik in die geskiedenis ontplooi. Saam daarmee vind 'n differensiëring van ampte plaas.

### 2.1.4 Gesag

Wanneer mense in sosiale verbande saamleef, is gesag onontbeerlik. Dit is die *reg* om te besluit hoe sulke verbande hulle onderskeie roepings of take sal uitvoer. God het verorden dat daar gesagsdraers sal wees, maar gebruik mense om hulle in 'n bepaalde amp te verkies.

Terwyl amp *diens* beteken, is gesag dus die *middel* om hierdie diens moontlik te maak. Anders gestel, gesag is die *kanaal* wat dit moet moontlik maak om die spesifieke goddelike norm vir die betrokke verband te gehoorsaam, sodat die mense binne die samelewingsverband kan floreer.

Gesag is dus altyd *spesifiek*, en omdat dit vir 'n spesifieke lewensterrein geld, ook *beperk* en nie omvattend (totalitêr) nie. Dit is dus verkeerd om te vra *hoeveel* gesag ampsdraers (bv. 'n regering) moet hê. Die regte vraag is *wat se soort* gesag behoort 'n regering uit te oefen.

### 2.1.5 Mag

Mag as sodanig is nie iets slegs nie. Om 'n bepaalde amp te kan uitvoer, is *mag* nodig. Dit is die vermoë wat aan die ampsgesag toekom. Mag is dus gefundeer in die mens se kulturele roeping. (*Regs*mag is byvoorbeeld die kompetensie van 'n owerheidsamp om reg te vorm.)

Mag is (net soos gesag) altyd *eiesoortig* en *beperk* tot 'n *spesifieke* samelewingsverband. Die mag van ouers oor hulle kinders verskil byvoorbeeld van die mag van die bestuur oor sy werknemers of die mag van 'n regering oor die onderdane.

Mag is dus nie ’n *norm* nie. Verder bestaan mag nie op sigself, ter wille van mag nie. Dit moet, as die vermoë om ’n amp uit te voer, ’n *middel* tot diens wees. Anders gestel, mag moet *ontsluit* word tot ’n spesifieke soort (liefdes)diens in ’n spesifieke samelewingsverband/ -verhouding.

Hierdie insig uit IRS-publikasies is besonder belangrik en aktueel, want om mag te besit hou vir enige mens of gesagsorgaan ’n groot verleiding in om die mag steeds te vergroot en permanent te maak. Van al die soorte mag is politieke mag, omdat dit so wyd strek, die heel kwesbaarste om in almagtigheid te ontaard.

### 2.1.6 Verantwoordelikheid

Amp, gesag en mag impliseer, soos hierbo reeds gesuggereer, verantwoordelikheid teenoor diegene wat die persoon in die amp gestel het, maar uiteindelik ook teenoor God, wat verskillende ampte verorden het. In die huidige politieke bedeling in Suid-Afrika behoort besondere klem hierop gelê te word.

Uit die voorafgaande het dit egter ook geblyk dat verantwoordelikheid nie iets algemeens is nie, maar altyd *spesifiek.* ’n Mens sou dit *verspreide* of *gedifferensieerde* verantwoordelikheid kon noem. Geen samelewingsverband kan vir alles verantwoordelik wees nie. Om vir *alles* verantwoordelik te wees kan neerkom op *geen* verantwoordelikheid. Elke gesagsdraer het slegs ’n beperkte en spesifieke verantwoordelikheid. Dit geld ook vir die staat.

In die reformatoriese tradisie is hierdie visie vroeër aangedui as die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Elke samelewingsverband beskik oor eie gesag, mag en verantwoordelikheid. Die een mag dus nie sonder baie goeie redes op die ander se terrein inmeng nie. Dit mag ook nie sy eie taak verwaarloos nie.

Behalwe soewereiniteit (selfregering en eie verantwoordelikheid) *tussen* die verskillende verbande, geld die beginsel ook *binne* dieselfde samelewingsverband. Dit is byvoorbeeld belangrik dat die drievoudige gesag van die staat (wetgewend, uitvoerend en geregtelik) *afsonderlik* en *selfstandig* sal funksioneer.

### 2.1.7 Strukturele en konfessionele pluralisme

’n Reformatoriese samelewingsvisie is dus in beginsel anti-totalitêr of pluralisties. Dit verdedig twee soorte pluraliteit. In die eerste plek strukturele pluralisme soos so pas beskrywe, naamlik dat verskil-

lende samelewingstrukture selfstandig *langs* mekaar bestaan. Geen verband *omvat* die ander of is 'n *onderdeel* van 'n groter geheel nie.

In die tweede plek word ook konfessionele pluralisme voorgestaan. Daarmee word bedoel dat elke samelewingsverband die reg behoort te hê om – ook op die sogenaamde openbare terrein – gestalte te gee aan 'n groep se diepste geloofsoortuigings. Joodse, Moslem, Christelike en ateïstiese ouers moet byvoorbeeld die reg hê om skole volgens hulle eie geloofsoortuigings tot stand te bring. Konfessionele pluralisme voorkom sowel religieuse anargisme as totalitarisme.

### 2.1.8 'n Derde weg

So 'n pluralistiese samelewingsfilosofie verskil baie duidelik van die dominante Westerse liberalistiese denke wat van die absolute gesag of outonomie van die individu uitgaan. Daarvolgens sou samelewingsverbande blote menslike skeppings wees. Hulle ontstaan as gevolg van 'n onderlinge, sosiale kontrak tussen individue wat hulle outonome gesag aan die verkose ampsdraers oordra. Dié gesagsvoerders regeer dan namens hulle (die gesagsonderhoriges) oor hulle. Die standpunt word (teenoor *reg*soewereiniteit) soms ook as "*volk*soewereiniteit" of "demokrasie" aangedui. Die staat bestaan alleen ter wille van die burgers.

Een van die IRS-skrywers kontrasteer hierdie populêre en die Bybelse visie op die staat soos volg:

- Die staat bestaan kragtens die besluit van mense – die staat bestaan as gevolg van God se wil;
- die staat is 'n dienskneg van die mense (burgers) – die staat is eerstens God se dienskneg;
- die staat mag enigiets doen waartoe die mense (burgers) toestem – die staat mag slegs doen waarvoor God dit aangestel het;
- die staat sal 'n gesonde samelewing verseker – die staat kan nie méér tot 'n gesonde samelewing bydra as die beperkte rol wat God daaraan gegee het nie.

'n Reformatoriese samelewingsfilosofie verskil egter nie net van 'n individualistiese nie, maar ook van die kollektivistiese idee van staatsoewereiniteit waarvolgens aan die oorkoepelende staat die finale gesag toekom. Terwyl (volgens die liberalisme) die staat daar is ter wille van die burgers, bestaan die burgers in hierdie geval alleen ter wille van die staat.

By sowel die individualisme as kollektivisme word finale gesag verkeerdelik in die mens gesoek (die individu of samelewingsverband). Absolute gesag kom egter alleen aan God toe. Om dieselfde rede is reformatoriese denkers ook krities teenoor die hedendaagse populêre menseregtedenke – dit is in niks hoër as die mens se eie waardigheid gegrond nie (vgl. 3.8 hieronder) en staan dus op 'n baie onvaste fondament.

## 2.2 Sondeval en politiek

Om oor die gevolge van die sondeval vir die politieke lewe ingelig te word kan 'n mens eenvoudig die dagblad lees of die daaglikse nuus oor die radio of televisie volg. Nogtans word iets meer daaroor gesê.

### 2.2.1 Misbruik van amp, gesag en mag

Indien die hedendaagse Suid-Afrikaanse politiek aan die voorafgaande normatiewe perspektiewe getoets word, is die resultaat alles behalwe bemoedigend. 'n Politieke *amp* beteken vir baie vandag nie onbaatsugtige diens aan ander nie, maar dikwels eerder selfdiens en selfverryking van die elite. *Gesag* word met mag verwar en word outoritêr. *Mag* word misbruik vir manipulasie en onderdrukking. Selfs *geweld* het iets alledaags geword. *Verantwoordelikheid* en deursigtigheid ontbreek en nalatigheid en korrupsie vier hoogty. Saamgevat sou 'n mens kon sê dat die staat se taak – omdat dit nie aan bogenoemde normatiewe perspektiewe beantwoord nie – verwaarloos word met slegte gevolge vir die hele samelewing.

### 2.2.2 Grootskaalse verwarring

As gevolg van die beperking van die menslike insig word daar dikwels ook nie meer duidelik tussen belangrike politieke sake onderskei nie. Die volgende vier verwarrings kan byvoorbeeld plaasvind.

- Die regering word nie van die staat onderskei nie. Dit lei natuurlik maklik tot tirannie deur 'n regering.
- Die burgers word met die staat gelykgestel, want die staat moet slegs hulle wil uitvoer. Dit kan in populisme ontaard.
- Wanneer die regering nie van die burgers onderskei word nie, kan dit beteken dat 'n regering wat een maal verkies is feitlik permanent kan voortgaan sonder gereelde verslag aan en raadpleging van die burgers (bv. deur verkiesings).

- Indien omgekeerd, naamlik dat burgers en regering gelykgestel word, is die resultaat ongeveer dieselfde: Ná 'n verkiesing word die burgers slegs passiewe toeskouers van wat 'n regering doen.

Hierdie verwarrings is nie net van teoretiese belang nie. Die staat bestaan uit owerheid en onderdane. Al twee dra 'n eie soort verantwoordelikheid. Indien hulle nie duidelik van mekaar onderskei word nie, vervaag hulle eiesoortige verantwoordelikheid deur oorgeneem te word deur 'n ander. Daar mag dus nie vaagweg van "die staat se verantwoordelikheid" gepraat word nie. Om vir *alles* verantwoordelik te wees beteken op die ou einde *geen* verantwoordelikheid.

### 2.2.3 Aktualiteit tans

Hier volg net enkele flitse om aan te toon hoe aktueel die voorafgaande insigte nog steeds vandag is:

- dikwels word gehoor dat die wil, mag en gesag van die massa (*people*) sal bepaal wat geregtigheid is;
- die feit dat die ANC (weer sedert einde 2007) tegelyk 'n revolusionêre vryheidsbeweging en 'n regering wil wees;
- die feit dat die staat dikwels in diens van 'n politieke party staan;
- die feit dat regerings (in die verlede en tans) op talle nie-politieke terreine inmeng en só die fundamentele beginsel van (strukturele en konfessionele) pluralisme aantas;
- die tendens dat die *reg*staat (volgens die Grondwet van 1996) besig is om in Suid-Afrika in 'n *mag*staat te ontaard.

## 2.3 Verlossing en politiek

Christene verskil onderling oor wat die verhouding tussen skepping en verlossing is en daarom bestaan daar ook verskillende standpunte oor die rol van die verlossingsboodskap en van die Christen self in die politiek.

### 2.3.1 Verskillende visies

Verskillende skrywers van IRS-publikasies onderskei die volgende vyf posisies:

- Die visie van die Christen *teenoor* die politiek.
- Die Christen *in spanning met* die politiek.

- Die Christen *bokant* die politiek verhef.
- Die Christen *doop* die politiek, dit wil sê aanvaar dit soos dit is.
- Die Christen moet die politiek in die krag van die Evangelie *transformeer.*

Ruimte ontbreek om al vyf standpunte met verteenwoordigers van elk te bespreek. Skrywers van IRS-publikasies verkies oor die algemeen die laaste model. Die eerste vier standpunte lei hoogstens tot evangelisering, moralisering en verkerkliking op politieke gebied. Terwyl die vier visies ook nie die sekularisasie van die politieke terrein voorkom nie, is reformatoriese denkers daarvan oortuig dat die Christen ook op die politieke terrein ’n roeping het tot vernuwing en reformasie van teorie en praktyk.

### 2.3.2 ’n Normatiewe benadering

Tot sover het reeds geblyk dat die burgers en die regering of hulle gesag en mag nie die norm kan wees nie – *almal* moet aan ’n norm beantwoord. Die eerste belangrikste stap in die regte rigting is volgens reformatoriese denkers dat die gedagte van menslike outonomie of selfwetgewing (“the will of the people”) as onskriftuurlik verwerp moet word. God, nie die mens nie, stel die norm vir die staat. Dit is onderworpe aan transsubjektiewe riglyne. Die mens doen dus nie maar – ook op politieke terrein – soos wat hy/sy goed dink nie. *Alle* aktiwiteite van die mens is aan goddelike norme onderworpe en moet daaraan getoets word. Dit mag dus nie in die politiek bloot gaan om sosiale kontrole of ’n magspel nie.

Vooraf moet duidelikheidshalwe gesê word dat ’n normatiewe benadering nie inhou dat IRS-skrywers ’n Christelike *staat* voorstel nie – dit is ’n onmoontlikheid in ’n multireligieuse samelewing. Hulle bied egter wel ’n Christelike *visie op* die staat, met ander woorde hoe *enige* staat sy taak moet vervul.

’n Tweede opmerking vooraf is dat reformatoriese denkers in IRS-publikasies nie vanuit hulle definisie van “politiek” aflei wat die staat behoort te wees nie, maar die omgekeerde roete volg. Met behulp van ’n struktuuranalise word vasgestel wat die staat se taak is en van daaruit word dit duidelik wat politieke aktiwiteite behoort te behels. Daarop word vervolgens toegespits.

## 3. ’n Filosofiese struktuuranalise van die staat as samelelwingsverband

Wanneer is iets ’n aangeleentheid wat die staat se aandag verg en wanneer is dit eerder ’n ekonomiese, sosiale, morele of godsdienstige aangeleentheid? Dit is ’n moeilike vraag waarmee ’n regering en ook die burgers dikwels gekonfronteer word. Die struktuuranalise wat deur Dooyeweerd, Vollenhoven en hulle talle navolgers van die werklikheid en die samelewing gemaak is (vgl. *Bibliografie,* F), en in IRS-publikasies oorgeneem is (vgl. *Bibliografieë,* B-E), kan hier van hulp wees.

### 3.1 ’n Analise volgens die modaliteitsleer

Volgens die reformatoriese filosofie vertoon menslike samelewingsverbande, verhoudings, instellings en organisasies al die fasette wat die mens self vertoon. Ongeveer vyftien van hierdie fasette, aspekte of modaliteite word gewoonlik onderskei: die numeriese, ruimtelike, fisiese, energetiese, biotiese, psigiese, logiese, historiese, linguale, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en die geloofsaspek.

Die volgende is voorbeelde van hoe ook die staat die verskillende fasette weerspieël:

- Die *numeriese:* dit kom na vore in die eenheid van die staat en al die burgers.
- Die *ruimtelike*: die geografiese gebied wat ’n bepaalde staat beslaan en waaroor die regering gesag voer.
- Die *logiese of analitiese*: die publieke mening oor politieke aangeleenthede.
- Die *kultureel-historiese:* die staatsmag uitgeoefen deur wetgewing, polisie en ’n weermag.
- Die *ekonomiese:* invordering van belasting en die interne ekonomie van die staat.
- Die *juridiese:* die maak van wette en die handhawing van publieke geregtigheid.
- Die *konfessionele of geloofsfaset:* dit wat die staat (implisiet of eksplisiet) as sy grondslag beskou, byvoorbeeld ’n handves van regte en/of ’n grondwet.

Dat al hierdie fasettte nie ewe belangrik is nie, blyk uit die volgende.

### 3.2 Die kwalifiserende of leidende faset

Net soos die staat het alle ander menslike samelewingsverbande ook ’n juridiese kant. Daar is nogtans ’n verskil. In die geval van die familie lê die ouers reëls neer. Ook ’n skool het sy eie interne regulasies. Selfs ’n kerk beskik oor ’n kerkorde waarvolgens dissipline gehandhaaf word. Maar in al drie hierdie gevalle is die juridiese faset nie van *primêre* belang nie. Die primêre of kwalifiserende funksie in die geval van die gesin is (familie)trou (iets eties) en in die geval van die kerk die geloof. Dit bepaal hoe die reëls, orde of dissipline in die twee verbande op eiesoortige manier funksioneer. Indien die juridiese voorop sou staan, sou die lewe in familie of kerk ernstig verwring word.

In die geval van die staat is die juridiese egter die leidende aspek, wat aan dié verband sy unieke karakter, maar ook sy beperking gee. Elke ander aspek (vgl. die vyftien modaliteite hierbo genoem) word deur die juridiese “gekleur” of gekwalifiseer. Daarom verkies reformatoriese denkers, soos ook nie-Christelike denkers, om van ’n “regstaat” te praat en die staat as ’n (publiek)regtelike gemeenskap van owerheid en burgers te beskou.

### 3.3 Die funderende faset

’n Samelewingsverband se struktuur word egter nie net deur sy leidende funksie bepaal nie, maar deur sy funderende funksie medebepaal. ’n Gesin is byvoorbeeld eties (deur die band van trou tussen die gesinslede) gekwalifiseer, maar bioties (in die band van bloed) gefundeerd.

In die geval van die staat is die funderingsaspek die kulturele of historiese. Dit is ’n verband wat deur die mens se formatiewe mag (organisasie of selfs militêre mag) tot stand gekom het.

### 3.4 Albei fasette belangrik

Sowel die funderende as die leidende faset van ’n samelewingsverband – en dus ook die staat – is belangrik. Sáám bepaal hulle of ’n staat werklik ’n staat is.

Mag ’n mens ’n gemeenskap wat nie oor ’n weermag beskik om sy grense te beskerm nie, of ’n polisiemag om sy burgers te beskerm nie nog ’n “staat” noem? En as die juridiese kwalifiserende funksie afgewater word of verdwyn, mag ’n mens dan nog van ’n “staat” praat of is dit eerder ’n bende struikrowers?

Die grootste gevaar is egter dat 'n samelewingsverband tot sy funderende faset gereduseer word, byvoorbeeld die verarming van 'n mens se visie op die gesin tot iets bloot biologies; die reduksie van 'n sakeonderneming tot materiële wins; die versmalling van die politieke lewe tot 'n magspel.

Dit is dus belangrik dat die staat se mag (sy fundering) gebruik word vir en ontsluit word in geregtigheid (die leidende faset). Indien dit nie gebeur nie, word die staat 'n geslote, onderdrukkende verband. Dan is dit nie meer 'n dienskneg nie, maar 'n tiran.

Hoewel dus vroeër na die staat as "swaard" verwys is, moet dit nie met geweld vereenselwig word nie. Geweld is die onwettige, nie-toelaatbare gebruik van dwang en is vir geen mens of samelewingsverband toelaatbaar nie. Dwang (*force*) is egter soms nodig. (Indien 'n rower jou vrou/dogter wil verkrag, of soldate kinders vermoor, mag 'n mens nie maar toekyk nie.) Ook die staat moet as gevolg van die kwaad soms dwingend optree. Die twee belangrikste voorwaardes is egter dat dit die laaste uitweg moet wees, en dat nie meer as die nodige dwang toegepas moet word om die geweld te bekamp nie, want anders ontaard die dwang self in geweld.

## 3.5 'n Voorlopige omskrywing van die staat

In die lig van die voorafgaande oorsig oor IRS-publikasies sou 'n staat ongeveer soos volg omskryf kon word: "Dit is 'n samelewingsverband van burgers onder 'n regering, wat kragtens 'n grondwet publiekregtelike gesag oor 'n bepaalde geografiese gebied besit, wat sy regering in staat stel om wette af te dwing en só die gebied en sy inwoners te beskerm." Ter wille van oorsigtelikheid, word nie hier op fynere onderskeidings tussen byvoorbeeld die *publieke* regsfeer, *burgerlike* privaatreg en *nie-burgerlike* privaatreg ingegaan nie.

## 3.6 Intermezzo: die veld van die politieke wetenskappe

Uit die voorafgaande struktuuranalise het dit terloops ook duidelik geword wat die begrip *politiek* beteken en wat die veld van ondersoek van die Politieke Wetenskap volgens reformatoriese denkers behoort te wees.

*Politiek* is afgelei van die woord *polis/politea* wat in die Grieks-Romeinse wêreld op die staat gedui het. "Polities" is dus nie 'n *modale* adjektief, soos "sosiale", "juridiese", "estetiese" ensovoorts nie (vgl. 3.1). Dit is 'n *institusionele* adjektief en dui op 'n bepaalde entiteit, 'n

samelelwingsverband, die staat. Die staat vertoon al die fasette van die werklikheid.

Dit is dus verkeerd om die veld van ondersoek van hierdie wetenskap tot die biologiese, sosiale, historiese (mag) of ekonomiese te reduseer soos verskillende skole in die politieke wetenskappe doen. Dit bied ’n baie eensydige visie op wat politiek werklik is. Die politieke wetenskap is nie ’n monomodale wetenskap soos byvoorbeeld die biologie, ekonomie, estetika, ensovoorts wat net op een faset konsentreer nie. Dit is ’n multimodale wetenskap.

Nadat die struktuuranalise van die staat hierbo afgehandel is, bly ’n belangrike vraag nog oor: Wat is die sentrale norm wat alle politieke aktiwiteite behoort te rig?

## 3.7 Publieke geregtigheid as norm

God se openbaring (in die skepping en die Skrif) dui geregtigheid aan as een van die belangrikste norme vir die hele lewe. Dit is dus een van die belangrikste toetse of ’n samelewingsverband, veral die staat, werklik aan sy goddelike roeping en taak beantwoord en sy godgegewe amp en verantwoordelikheid nakom. Maar wat is geregtigheid presies?

### 3.7.1 Geregtigheid as algemene norm

Om geregtigheid in ’n definisie saam te vat, is onmoontlik. Dit is net so onmoontlik as om presies te sê wat die etiese, skoonheid of geloof is. Bowendien moet geregtigheid in uiteenlopende omstandighede gerealiseer of gekonkretiseer word. Sonder ’n idee (d.w.s. ’n volledige begrip) oor wat dit inhou, is ’n normatiewe politiek onmoontlik.

**Liefde en geregtigheid**

Hierbo is reeds gestel dat die roeping van die mens is om volgens God se liefdesgebod diensbaar te wees aan God en sy medemens. Dié liefdesdiens kan verskillende gestaltes aanneem soos ook reeds verduidelik is. Geregtigheid staan dus nie, soos dikwels geleer word, teenoor liefde nie. Dit is eerder ’n vorm of uitdrukking van die fundamentele liefdesgebod op ’n bepaalde gebied van die lewe.

**’n Omskrywing**

Vanuit die tradisionele visies van geregtigheid (dit wat ’n mens *toekom,* wat jy *verdien* en wat jy *benodig*) sou ’n mens in die lig van die

voorafgaande oor die ampsgedagte (vgl. 2.1.3) kon sê: "Geregtigheid is wat 'n mens toekom, verdien en benodig vir die verantwoordelike uitoefening van jou roeping en amp." Gesag moet dus 'n middel tot diens wees (die reg moet geregtigheid bevorder) en mag moet ook deur geregtigheid gelei word.

### 3.7.2 Publieke geregtigheid as politieke norm

Die staat kan egter nie vir *alle* geregtigheid verantwoordelik wees nie – dit sou 'n totalitêre staat impliseer. (Die "goeie dade" waarvan in Romeine 13:3 sprake is, is *spesifieke* goeie dade en so ook die slegte.) Dit is verantwoordelik vir 'n bepaalde soort geregtigheid, naamlik die algemene, publieke of openbare geregtigheid. Hoe verskil dit van iets privaats?

Hierdie vraag bring 'n mens op die gebied van die regsfilosofie (vgl. byvoorbeeld Dooyeweerd, 1997; Hommes & Van Eikema, 1972 in *Bibliografie* F) met talle ingewikkelde vraagstukke, wat nie hier bespreek sal word nie. Slegs 'n basiese onderskeid word dus gemaak.

**Die verskil tussen privaat en publiek**

'n Private wet (vir 'n nie-staatlike samelewingsverband) is ook onderworpe aan die breë norm van geregtigheid, maar dit is struktureel anders as dié van die openbare wetsorde van die staat. 'n Privaatwet geld vir die lede van 'n nie-staatlike verband (bv. 'n gesin, skool, bedryf, kerk) en die karakter daarvan word bepaal deur die kwalifiserende faset van die betrokke verband.

Omdat die staat nie die bestaan van alle ander samelewingsvorme omvat nie, of hierdie samelewingsvorme nie by die grasie van die staat bestaan nie, kan die owerheid van 'n regstaat hoogstens *juridies* erkenning verleen aan die juridiese ruimte wat aan elke verband *in eie reg* toekom.

Vir publieke geregtigheid moet die staat 'n eiesoortige regsorde skep wat onder andere behels dat e*lke* persoon of instelling binne die territoriale grense van die staat daaraan onderworpe is sowel wat regte as verpligtinge betref; die staat moet ook sy amp as administreerder van geregtigheid teenoor *elke* persoon of samelewingsverband op 'n onpartydige wyse nakom.

Groot gebiede van die lewe is dus van nie-politiese aard, byvoorbeeld besluite wat 'n gesin oor sy begroting neem, 'n kerk oor tug of 'n bedryf oor sy produksie. Nie een van hierdie besluite affekteer normaalweg almal in die land nie. Hulle kan wel onregverdig wees,

maar sulke onreg raak die staat alleen wanneer dit publiek raak, dit wil sê wanneer dit gevolge het wat buite die betrokke verband gaan en ’n groter groep mense of die hele bevolking affekteer. Natuurlik is dit nie altyd maklik om te bepaal wanneer die grens tussen privaat en publiek oorskei word nie.

**Die staat as die “balanswiel”**

’n Mens sou dus kon sê dat die staat te midde van al die ander vorme van menslike saamlewe die *integreerder, koördineerder en balanseerder* van geregtigheid is. Dit beteken eerstens, negatief, dat dit moet voorkom dat een verband op die terrein van ’n ander inmeng of dié se taak oorneem. Dit behels ook die positiewe, dat die staat voorwaardes moet skep en handhaaf wat die gesonde ontwikkeling van al die ander instellings en verbande sal verseker, sodat hulle elkeen op hulle eie terrein betekenisvolle diens kan lewer en ’n faset van die menslike welsyn kan bevorder.

Dit is dus duidelik dat die staat nie die bevoegdheid het om ander samelewingsverbande hulle gesag en mag te ontneem nie, maar dit só moet reël dat dit aan die norm van ’n regverdige samelewing beantwoord. ’n Mens sou, vereenvoudig gestel, kon sê dat die gesag van die staat *eindig* waar die gesag van ander verbande *begin.*

**Geen eenvoudige taak**

Die taak om so ’n omvattende orde van geregtigheid te reël, is nie net belangrik nie, maar dit is ook moeilik. Wanneer is ’n saak ’n politieke saak (staatsaak) of eerder onder andere ’n ekonomiese, sosiale of godsdienstige aangeleentheid? Is dit byvoorbeeld ’n politieke aangeleentheid as Afrikanermense in Orania afsonderlik wil lewe? Seker nie, maar wel indien dit een of ander diskriminasie teen ander sou impliseer. Net so is die verhouding tussen man en vrou of verhoudings binne die kerk nie staatsaangeleenthede nie, maar dit kan dit wel word.

Dit is ook ingewikkeld om die uiteenlopende belange van verskillende menslike instellings te balanseer. Aan die een kant is die taak van die staat nie om alles wat verkeerd is, reg te stel nie, terwyl dit aan die ander kant tog by die hele lewe betrokke is. Hier is dus fyn aanvoeling en groot versigtigheid en wysheid nodig om die uiterstes van onbetrokkenheid en oorbetrokkenheid te vermy.

## 3.8 Die staat en menseregte

Uit die voorafgaande het geblyk dat ’n normatiewe politiek veel meer is as ’n menseregtepolitiek. Die gewilde menseregteteorieë het vandag egter byna die enigste manier geword waarop iets normatiefs nog in die sekulêre politiek ter sprake kom. Vir die res word die politieke toneel oorheers deur pragmatisme, materialisme en tegnisisme. Die vraag is egter of die hooggeroemde menseregte wel ’n waarborg vir ’n gesonde staat bied.

Dit is onmoontlik om hier op die geskiedenis, die verskillende soorte regte en nog meer in te gaan. Daar word volstaan met ’n definisie vanuit ’n reformatoriese perspektief van waaruit (uit verskillende IRS-publikasies) vervolgens ook ’n aantal punte van kritiek op die gangbare menseregtebeskouings gegee sal word.

### 3.8.1 ’n Voorlopige omskrywing

In die lig van die voorafgaande uiteensetting oor amp en verantwoordelikheid omskryf verskillende IRS-publikasies menseregte ongeveer soos volg: “Regte (deur ’n politieke regsorde gewaarborg) moet die nodige individuele en sosiale ruimte skep, sodat elke mens en samelewingsverband sy goddelike roeping, amp en verantwoordelikheid kan vervul.” (Hier word nie verder op die *verskillende* regte soos byvoorbeeld publieke en burgerlike (privaat)regte ingegaan nie.)

Die volgende vrae dui egter op talle onopgeloste probleme.

### 3.8.2 Die basiese vraag

Die moeilikste probleem is dié oor die *grondslag* van die meeste sekulêre menseregteteorieë. Hierdie teorieë gaan meestal uit van die vrye, outonome wil van individue. Hulle gaan vrywillig ’n sosiale kontrak aan en dra sekere inherente regte oor aan die staat wat namens hulle regeer en die regte beskerm. Ten diepste word menseregte dus gegrond op sekere inherente eienskappe soos die vryheid, gelykheid en menswaardigheid *van die mens.*

Die vraag van reformatoriese denkers is of so ’n menseregtebeskouing nie op dryfsand gebou is nie. Waarom sou die vrye, outonome mens hom/haar aan sy ooreenkoms hou en nie die vryheid van ander belemmer nie? Om sy eie wil te bind, beteken immers onvryheid. ’n Reg kan alleen op vaste voet staan indien dit *buite* die mens begrond is; regte staan alleen op ’n stewige fondament wan-

neer goddelike verpligtinge (roeping, amp en verantwoordelikheid) erken word.

Die reformatoriese denke ontken dus nie die bestaan van menseregte nie. Dit verskil egter van die gangbare teorieë in verskillende opsigte, naamlik dat dit anders begrond word – in God se roeping; inhoudelik word dit ook nie deur die begeertes en die belange van mense bepaal nie, maar deur dít wat God aan die mens gee en van hom vra; die staat skep ook nie die regte nie, maar kan slegs die regte van ander samelewingsvorms erken en beskerm.

### 3.8.3 Verdere probleme

Sommige van die ander probleme waarvoor die ideaal van menseregte ’n mens stel, kom ook uit die IRS-literatuur na vore:

- Daar word te veel klem op *individuele* regte gelê en te min op die regte van samelewingsverbande/verhoudings en (etniese) groepe.
- Regte word te veel beskou as *algemene, universele* riglyne vir almal. Hulle behoort eerder afgelei te word van die *spesifieke* roeping van elke samelewingsverband. Kinderregte moet byvoorbeeld afgelei word uit ’n gesin se roeping. Arbeidersregte hang byvoorbeeld af van die taak van ’n fabriek.
- Regte kan nie *absolute, onveranderlike* geldigheid hê nie – dit is menslike bedenksels en nie iets goddeliks nie.
- Alle regte is nie *ewe belangrik* nie – prioriteite sal bepaal moet word, veral omdat armer lande soos Suid-Afrika nie aan alle moontlike regte kan voldoen nie.
- Tog mag een reg nie *ten koste van ’n ander* nagestreef word nie. Sover moontlik moet almal gelyktydige aandag ontvang.
- *Regte en verpligtings* is soos twee kante van dieselfde munt en moet steeds saam funksioneer en ewe sterk beklemtoon word. Wat die een mens se reg is, is die ander se verpligting.
- *Menseregte* (veral die meer individualistiese) hou die gevaar in van *selfgesentreerdheid* en kan dus verdelend in ’n samelewing werk.
- Dit kan ook ’n *legalistiese* houding huisves – alle probleme tussen mense word tot die juridiese herlei en moet deur geregshowe opgelos word.

- 'n Goeie akte van menseregte, as deel van 'n grondwet, ruim nie noodwendig *dieperliggende politieke verskille* uit die weg nie.
- Hieruit is dit ten slotte duidelik dat menseregte wel 'n *middel* is, maar nog geen *waarborg* vir die vervulling van die kerntaak van die staat nie, naamlik publieke geregtigheid. Daarom mag regte nie die absolute, finale norm wees nie. Regte moet ook onderworpe wees en getoets word aan die hoëre, godgegewe norm van openbare geregtigheid. Geregtigheid moet voorop staan, omdat dit regte impliseer en nie die omgekeerde nie.

Ten slotte moet nog nagegaan word watter faktore 'n normatiewe visie op die politiek, soos uit IRS-publikasies saamgevat, kan bedreig.

## 3.9 Hedendaagse bedreigings van 'n gesonde politieke lewe

IRS-materiaal gee ook aandag aan die verskillende maniere waarop 'n staat verwring of vervorm kan word tot iets wat dit nie behoort te wees nie. Hier word slegs op drie sulke "ismes" of verdraaiings gelet, naamlik verpolitisering, verkommersialisering en vertegnisering.

### 3.9.1 Verpolitisering

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat vir reformatoriese denkers alles nie om politiek draai nie. 'n Pluralistiese samelewingsvisie is anti-totalitêr en kan dus nie toelaat dat die een verband (die politieke van die staat) die ander oorheers of insluk nie. Op dié wyse word die verskeidenheid goddelike roepings en take vereng tot slegs een daarvan – word die hele samelewing met 'n eenkleurige politieke "verf" gekleur. Die staat sluit egter nie die res van die samelewing in of omvat dit nie, maar is bloot 'n onderdeel daarvan.

**Soek eers die politieke koninkryk**

Weereens is hierdie nie slegs 'n teoretiese kwessie nie. In Suid-Afrika en ook ander lande word dikwels gedink dat, indien 'n mens eers die politieke koninkryk gevind het, jy al die ander dinge vanselfsprekend sal ontvang. Die staat – veral 'n demokratiese een – word nog te veel oorskat as die "vader"/"moeder" wat vir alles en nog wat moet sorg. Daar is egter reeds genoegsaam aangetoon dat onnodige inmenging van die staat oneindige skade kan veroorsaak. Dit geld nie net die huidige RSA nie, maar ook die ou apartheidsbedeling wat 'n voorbeeld daarvan was.

**Depolitisering**

In 'n situasie van verpolitisering van die samelewing is die taak van die burgers om op alle moontlike maniere te stry vir die depolitisering van die samelewing. Om die politiek te verabsoluteer, om 'n mens se verlossing daarvan te verwag, het dwarsdeur die geskiedenis nog net ellende opgelewer.

Daar bestaan egter ook nog 'n tweede gevaar, naamlik verkommersialisering.

### 3.9.2 Verkommersialisering

In hierdie geval verdring 'n nie-kwalifiserende aspek van die staat (die ekonomiese) die kwalifiserende/leidende faset, naamlik die juridiese (vgl. 3.2).

**Ekonomisme**

Elke samelewingsverband het 'n ekonomiese faset en dra dus ook 'n ekonomiese verantwoordelikheid. Selfs 'n gesin of kerk kan nie sonder geld funksioneer nie. Die ekonomiese is egter alleen in die geval van 'n sakeonderneming die leidende faset en nie by die staat nie. Dit kan dus nie van die staat (of regering) verwag word om ekonomiese verantwoordelikheid vir die samelewing as *geheel* te dra nie. Die sukses van 'n regering mag dus ook nie uitsluitlik aan sy ekonomiese prestasies gemeet word nie – 'n vereiste wat deesdae iets algemeens geword het.

**Die verkeerde norm**

Dieselfde gevaar bedreig die staat as die res van die samelewing: dit word aan 'n verkeerde norm gemeet, 'n norm (die materiële) wat vreemd is aan die betrokke verband. In die geval van 'n verkommersialiseerde universiteit word studente in "kliente" omskep en dosente in "konsultante" verander wat so vinnig moontlik die nodige "produkte" vir die mark moet lewer. Selfs kerke ontkom vandag nie heeltemal aan hierdie ekonomiese distorsies nie. Die globalisering van die kapitalistiese ekonomie maak dit vir regerings byna onmoontlik om nog selfstandige ekonomiese besluite ten opsigte van hulle eie landsekonomie te kan neem. Alles word in die magtige stroom van diens aan Mammon meegesleur.

Om egter volgens eng ekonomiese kriteria te regeer, is veel makliker en meer populêr as om die uitdaging van openbare geregtigheid te aanvaar, want dit boekstaaf sukses. Sukses bepaal tot 'n

groot mate vandag of regerings by die stembus wen of verloor. Die norm moet egter nie sukses (pragmatisme) wees nie, maar gehoorsaamheid aan God se eis tot geregtigheid.

**Gelyktydige realisering van alle norme**

Hiermee word nie gesuggereer dat die politiek en ekonomie waterdig van mekaar geskei kan word nie. Politieke besluite moet ook ekonomies verantwoordelike besluite wees wat aan die norm van goeie rentmeesterskap beantwoord. Om die verkommersialisering van die politiek te beperk beteken dus nie noodwendig om ekonomies te misluk nie. Die staat het deel aan al die fasette van die werklikheid. Gelei deur die hoofnorm van geregtigheid, moet dit gelyktydig ook al die ander norme (byvoorbeeld die biologiese, sosiale, ekonomiese) gehoorsaam. Dit behels weereens nie 'n eenvoudige taak nie.

Ten slotte iets oor die derde bedreiging.

### 3.9.3 Vertegnisering

Verskeie IRS-skrywers vestig die aandag daarop dat die mens vandag in 'n toenemende mate in 'n "tegniese samelewing" lewe, waarvan die staat dikwels die sentrum is. Die moderne staat het in 'n "tegnokrasie" ontaard.

**'n Burokratiese staat**

Tegnologiese ontwikkeling as sodanig is nie noodwendig sleg of uit die bose nie. Indien dit egter die norm vir 'n gesonde politieke lewe verdring en selfs deur tegniese vooruitgang en effektiwiteit vervang word, begin rooi ligte flikker. Een van die gevolge is 'n burokratiese staat.

**Tegnokrasie**

IRS-skrywers vestig die aandag daarop dat demokrasie 'n grap kan word wanneer te veel mag in die hande van staatsamptenare en tegnokrate gesentreer is. Dit veroorsaak dat die mag van regerings verdiep en verbreed word. In die alledaagse lewe word burgers as gevolg hiervan met 'n magdom rompslomp belas om iets eenvoudigs soos 'n identiteitsdokument te bekom. (Natuurlik speel ander faktore soos onbekwaamheid en nalatigheid daarby ook 'n rol.)

Hiermee is 'n sintese van die belangrikste fasette van 'n reformatoriese politieke visie, soos dit in talle IRS-publikasies (in veel breër

detail) uitgespel word (vgl. *Bibliografieë*, B-E), afgehandel. Die tweede hoofafdeling van die ondersoek handel oor hoe hierdie visie in die praktyk gebring kan word; hoe dit werklikheid kan word.

## 4. Van teorie na praktyk

Voordat oor die praktyk gehandel word, moet weereens aan die verskillende Christelike visies op die politiek (vgl. 2.3.1) herinner word, omdat die teorie die praktyk bepaal.

### 4.1 Visie bepaal praktyk

Christene wat van mening is dat politiek nie ook vir hulle ’n roeping is nie, maar ’n soort verbode gebied vir Christene, sal nie die moeite doen om daaroor te besin nie en dus ook nie konkreet daarby betrokke wil wees nie. Dit is egter nie die oortuiging van skrywers in die verskillende IRS-reekse nie. Hulle is van mening dat dit moontlik is om jou geloof op ’n politieke wyse te beleef. Hier volg enkele van die wenke wat hulle aan die hand doen oor hoe Christene hulle politieke roeping kan nakom en op verskillende maniere verantwoordelike burgers van ’n toenemende sekulêre politieke bedeling kan wees.

### 4.2 Lewensbeskoulike politieke opvoeding

Baie Christene in Suid-Afrika dink blykbaar nog steeds dat massagebedsbyeenkomste die enigste manier is waarop die evangelie die politiek kan beïnvloed. Natuurlik kan God ook wonders doen en mense bekeer. Die normale weg is egter dat lede van ’n samelewingsverband verantwoordelikheid moet aanvaar vir die funksionering van ’n betrokke verband. Daarvoor is kennis en insig in die *spesifieke aard* van die verband nodig. Onkundige mense sal dus nie veel bereik nie. Om ’n politieke byeenkoms met Skriflesing en gebed te open, of om ’n “preek” in die parlement te hou, is belangrik maar by verre na nie voldoende nie en kan selfs onvanpas wees. Daar moet op ’n *eiesoortige* (politieke) wyse getuig word. Die reformatoriese visie, bevat die nodige lewensbeskoulike en filosofiese elemente vir ’n werklik polities-relevante “getuienis”.

Wat dus eerstens beklemtoon word, is die noodsaak van Christelike politieke opvoeding. (Die enigste manier om polities betrokke te wees, is nie net elke vyf jaar by die stembus nie.) Dit vra vir veel meer besinning, nadenke, bespreking, studie en opleiding op politieke terrein oor fundamentele sake as wat tans in Suid-Afrika gebeur.

### 4.3 Betrokkenheid op verskilende vlakke

Hoewel daar ook positiewe tekens bestaan (vgl. byvoorbeeld die vakbond Solidariteit) het veral blanke Suid-Afrikaners nog nie naastenby al die moontlikhede benut om die regering te beïnvloed nie – hulle het nie-protesterende Protestante geword. Regeringswetgewing en -beleid kan egter op die volgende maniere beïnvloed word.

- Aksies van *individuele burgers,* soos briewe aan die pers, politieke leiers en die ondertekening van petisies.
- Dikwels word die politieke taak van Christene aan hul *kerke* oorgelaat. Dit is egter nie die primêre taak van die kerke nie en gewoonlik beskik kerkleiers ook nie oor die nodige politieke vaardighede nie, sodat hulle aksies nie veel oplewer nie. Kerke behoort egter hulle lidmate wat wel oor die nodige politieke insig beskik, aan te moedig en te ondersteun om polities betrokke te wees. In dié opsig is dit ook belangrik om van die siekte van kerkisme genees te raak, sodat oor kerkgrense op politieke terrein saamgewerk word. Minderheidsgroepe word makliker deur 'n regering geïgnoreer.
- Omdat die burgerlike samelewing in Suid-Afrika nog grotendeels aan die slaap is, word ook groepsprotes genoem, soos betogings, boikotte, optogte, stakings.
- Christelike politieke partye, wat buite of binne die regering kan optree.
- Politieke drukgroepe kan plaaslik, regionaal, nasionaal of selfs internasionaal georganiseer word en op spesifieke sake konsentreer of meer omvattende politieke doelwitte nastreef.

### 4.4 Vereistes vir geslaagde drukgroepe

Omdat verskillende soorte druk van die mees geslaagde politiese metodes is (dit besit groter mag as dié van individue of die algemene volkstem), volg ten slotte enkele gedagtes daaroor.

#### 4.4.1 Vaardighede

'n Belangrike vereiste vir effektiewe drukgroepe is die nodige politieke vaardighede. Daaronder sou die volgende genoem kan word: deeglike kennis van en insig in die politieke toneel in die algemeen; 'n begrip van die "filosofie" van die regerende party; 'n besef van die beperkings van die eie invloed – resultate moet nie dadelik verwag word of die onmoontlike probeer bereik nie; hou rekening met die

bestaan van ander drukgroepe en die magspel wat dit inhou; strategiese denke beteken om te weet op wie, wanneer, waar, waaroor en hoe om druk toe te pas; druk moet positief en doelgerig wees. Enkele opmerkings oor laasgenoemde twee vereistes is belangrik.

### 4.4.2 Konstruktiewe druk

Effektiewe druk sal aan politici positiewe, konstruktiewe voorstelle voorlê. Negatiewe druk wat tot kritiek op regeringsmaatreëls beperk is sonder om oplossings vir probleme te suggereer, is selde geslaagd. Ongelukkig kry ’n mens die indruk dat baie van die druk vanuit ander partye (en Christene) op die regerende ANC meestal negatief is, byvoorbeeld anti-pornografie, anti-aborsie, anti-misdaad en anti-korrupsie. So ’n werkswyse mag in sommige gevalle dalk vir die oomblik ongewenste wetgewing of beleid stuit, maar dra weinig by tot ’n toekomstige gesonde politieke lewe.

### 4.4.3 ’n Spesifieke fokus

Doelgerigtheid is ook belangrik. Dit beteken dat druk vir ’n bepaalde saak uitgeoefen moet word. Dit vereis spesialisering en die nodige kundigheid, anders kan versoeke as irrelevant geïgnoreer word.

’n Slotopmerking is dat Christelik-geïnspireerde drukgroepe deur veel meer as net die eiebelang van ’n bepaalde groep gemotiveer behoort te wees. Dit behoort vir hulle te gaan oor diens aan die naaste (vgl. hierbo oor amp), gehoorsaamheid aan die hoogste norm vir die staat (geregtigheid vir almal) en die welsyn van ’n hele samelewing.

## 5. Terugblik en gevolgtrekking

’n Terugblik asook ’n kort samevatting van die resultaat van hierdie navorsing kan van waarde wees.

### 5.1 Terugskouing

Die voorafgaande sistematiese deel het gepoog om uit die IRS-nalatenskap twee dinge vas te stel, naamlik wat die gemeenskaplike, normatiewe politieke *visie* is wat daaruit gedistilleer kan word en hoe die skrywers voorstel dat die visie in die praktyk *verwerklik* kan word. Die bibliografiese gedeelte van die ondersoek (wat hierna volg) bied die detail oor die bronne waaruit hierdie samevattende oorsig gemaak is.

## 5.2 Resultaat

Hoewel baie uit die "politieke nalatenskap" van die IRS tydsgebonde is, en hoewel die prinsipiële insigte nie deurentyd op die huidige Suid-Afrikaanse situasie toegepas kon word nie, maar (weens ruimtegebrek) aan die leser oorgelaat is, het dit nogtans duidelik geword dat die "opgrawingswerk" nie op "ou koeie uit die sloot grawe" neergekom het nie. Wat destyds geskryf is, kan vandag ook nog normatiewe koers aan die sterk pragmatistiese en opportunistiese Suid-Afrikaanse politieke lewe bied. Dit kan Christene help om op die kerntaak van die staat te fokus in plaas daarvan om oor onbenullige sake vlieë van mekaar te vang.

Dit mag selfs so wees dat ook diegene wat nie 'n reformatoriese denkrigting voorstaan nie, iets nuuts uit die voorafgaande kon leer. Christene van verskillende oortuigings en selfs mense van ander godsdienste het immers met dieselfde politieke werklikhede en norme te make. Om die kernnorm van die staat as publieke geregtigheid te beskou, is nie die prerogatief van Christene alleen nie. In die geskiedenis is voorbeelde van andersdenkendes wat Christene hieraan moes herinner.

Hierdie artikel word afgesluit met die wens dat dit as aansporing mag dien om, behalwe vir die politiek, ook op ander terreine waaroor daar oor 37 jaar gepubliseer is, die IRS se intellektuele nalatenskap na te vors en te rekonstrueer en só uit die goeie van die verlede 'n beter toekoms te help bou.

### Geraadpleegde bronne

Aangesien besinning oor 'n samelewingsfilosofie bepalend vir 'n mens se visie op die staat is, is hierdie biliografie nie alleen beperk tot publikasies wat net oor suiwer politieke aangeleenthede handel nie.

Soos reeds aan die begin vermeld en gemotiveer (vgl. 1.4), word die werke nie alfabeties volgens outeurs nie, maar kronologies volgens publikasiedatums weergegee. Verder is ook reeds verduidelik waarom die verskillende IRS-reekse in afsonderlike bibliografieë vervat word. In die laaste bibliografie (F) word enkele werke alfabeties bygevoeg wat nie deur die IRS self gepubliseer is nie, maar 'n duidelike invloed op sommige van die IRS-geskrifte gehad het.

Die IRS se naam was tot aan die begin van die tagtigerjare die Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme (IBC). Vir IBC-

studiestukke vóór 1980, kan die volgende bron geraadpleeg word: Van der Walt, B.J., *red.* 1980. *Die inslag van die Calvinisme in Suid-Afrika: 'n bibliografie van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels. Deel 4: Maatskaplik en staatkundig.* Potchefstroom: IBC. Voor al die publikasies oor politiek-maatskaplike onderwerpe word die volgende drie bronne oor die geskiedenis van die IRS in die algemeen eers gegee:

## A. Oorsigte oor die geskiedenis van die IRS

VAN DER WALT, B.J. 2006. Die Instituut vir Reformatoriese Studie (1962-1999) as Christelike organisasie. *Koers*, 71(1):251-274.

VAN DER WALT, B.J. 2008. The Institute for Reformational Studies (1962-1999) as a Christian worldviewish organisation: its relevance for future Christian actions. (*In* Van der Walt, B.J. The eye is the lamp of the body. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa. p. 278-303.)

VAN EEDEN, E.S. 2006. In U lig: die PU vir CHO van selfstandigwording tot samesmelting, 1951-2004. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

## B. IRS-studiestukke (Reeks F1 van die Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO)

DU PLESSIS, L.M. 1980. Die politieke betrokkenheid van die universiteit. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 147.)

GOUDZWAARD, B. 1980. Calvyn se etiek van die sosiaal-ekonomiese lewe. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 155.)

COETZEE, J.H. 1981. Bittereinders, hensoppers of voortrekkers. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 164.)

DU PLESSIS, L.M. 1982. Die Neo-Marxiste – 'n heilige familie? Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 171.)

FOWLER, S. 1983. Karl Marx – secular messiah. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 184.)

VAN WYK, J.H. & DU RAND, J.J.F. 1984. Christen en politiek. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 201.)

VORSTER, J.M. 1984. Die roeping van die kerk in die Suid-Afrikaanse politieke problematiek. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 194.)

ANTONIDES, H. 1985. Socialism or capitalism: must we choose? Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 214.)

DU TOIT, D.C. 1985. Reg, mag en orde; 'n besinning oor die noodtoestand in Suid-Afrika. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 216a.)

MEIRING, P.G.J. 1985. Isolasie, polarisasie, versoening – 'n uitdaging vir Christene in Suid-Afrika. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 216).

NÜRNBERGER, K. 1985. Maarten Luther se politieke etiek teen die agtergrond van sy teologiese benadering. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 209.)

VAN NIEKERK, P.J. 1986. Sosialisme of kapitalisme vir Afrika? 'n Valse dilemma. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 221.)

BUYS, P.J. 1987. Calvinism does not teach apartheid. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 233.)

DU PLESSIS, A.J., VAN WYK, J.H. & BOTHA, J. 1987. 'n Reformatoriese kommentaar op die Kairos-dokument. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 232.)

SCHUTTE, D.J.R. 1987. Wie is my naaste en wie se naaste is ek? Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 237.)

BOTHA, J. 1988. Versoening in die Bybel en in die praktyk van die huidige Suid-Afrika. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 242.)

VAN WYK, J.H, JAFTHA, C.D. & BUYS, P.J. 1988. Polarisasie en spanning, eenheid en samewerking tussen kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 251.)

JANSEN VAN RENSBURG, N.S. 1989. Die wet het van my 'n kleurling gemaak. Potchefstroom. IRS. (Studiestuk nr. 261.)

VAN DER WALT, B.J. 1989. Reformasie op die viersprong: pasmakeerders, loodvoetiges, brandstigters of ligdraers? Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 262.)

VAN DER WALT, J.L. 1989. Politiek in die onderwys: 'n probleem met vele fasette. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 259.)

VAN WYK, J.H. 1989. Kerk, teologie en geweld. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 256).

DU TOIT, D.A. 1990. Menseregte? Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 265.)

KIRK, J.A. 1990. Liberation theology in brief. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 276.)

FOWLER, S. 1991. National identity and the renewal of democracy. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 278.)

FOWLER, S. 1991. The deceptive morality of power. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 280.)

MARSHALL, P. 1991. A Calvinist political theory. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 283.)

TURAKI, Y. 1992. An African response to apartheid. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet, no. 294.)

KRISHNA, P.M., KAMEETA, Z. & FOWLER, S. 1993. Reconciliation in Africa. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 306.)

VAN DER VYVER, J.D., POTGIETER, P.J.J.S. & SITHOLE, M. 1993. Democracy in Africa. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 304.)

WAIJAKI, M., TURAKI, Y. & VAN DER WALT, B.J. 1993. Visions of man and freedom in Africa. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 302.)

HEYNS, M.F. 1994. Maskers van geweld: oor die religieuse legitimering van geweld in Suid-Afrika. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 319.)

KRITZINGER, J.N.J., JAFTHA, C.D. & VAN DER MERWE, J.C. 1994. Die Christen in die branding van die transformasieproses in Suid-Afrika. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 321.)

VAN DER MERWE, J.C. 1994. Regstellende aksie: prinsipiële riglyne. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 313.)

VAN DER WALT, B.J. 1994. Godsdiensverskeidenheid, -gelykheid en -vryheid in Suid-Afrika. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 314.)

VENTER, J.J. 1994. Transformasie van die samelewing. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 316.)

COETZEE, S.F. 1995. South Africa's second liberation; how to make reconstruction and development work. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 328.)

VAN DER WALT, B.J. 1995. Christelike perspektiewe op die samelewing. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr 331.)
VAN DER WALT, B.J. 1995. Evangelieverkondiging en/of sosiale betrokkenheid; ’n reformatoriese alternatief. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 325.)
GOUWS, A.G.S. & DE VILLIERS, D.E. 1996. Ja, vir die nuwe Suid-Afrika; verantwoordelikheid, rekonstruksie en ontwikkeling. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 338.)
VAN DER WALT, B.J. & VAN DER WALT, T. 1996. Die Waarheids- en Versoeningskommissie. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 342.)
VAN DER WALT, B.J. 1996. Responsibility, conversion, confession, forgiveness, restitution and reconciliation. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 337).
GOUDZWAARD, B. 1997. Verby armoede en oorvloed. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 353.)
KAIN, E.P. 1997. Crime in South Africa. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 356.)
VAN DER WALT, B.J. & NAUDE, C.F.B. 1997. Christianity and democracy in South Africa: a vision for the future. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 345.)
VAN DER WALT, B.J. & VENTER, J.J. 1997. Godsdiens en samelewing/Religion and society: a review of the Truth and Reconciliation Commission Hearings, East London, 17-19 November 1997. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk/Study pamphlet nr./no. 361.)
VAN DER WALT, B.J. 1997. ’n Skuldbelydenis oor apartheid. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 358a.)
VENTER, F., VORSTER, J.M. & PROZESKY, M. 1997. ’n Evaluering van die nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk nr. 347.)
VAN DER WALT, B.J., CORNELIS, W.A.S. & SAMUEL, V. 1998. Korrupsie/ Corruption. Potchefstroom: IRS. (Studiestuk/Study pamphlet nr./no. 363.)
GOUSMETT, C. 1999. Christianity and politics: a Reformational perspective. Potchefstroom: IRS. (Study pamphlet no. 384.)

## C. IBC/IRS-brosjures (Reeks F2)

ROPER, D.L. 1979. A Christian philosophy of culture. Potchefstroom: IBC. (Brochure no. 13.)
VAN DER WALT, B.J. 1981 (reprinted 1987, 1988, 1996). Why the state? Bible studies on Matthew 22, Romans 13 and Revelation 13. Potchefstroom: IBC. (Brochure no. 18.)
VAN DER LAAN, H. 1983. Communism in a Christian perspective. Potchefstroom: IBC. (Brochure no. 22.)
VAN DER WALT, B.J. 1983 (herdruk 1990). Die staat in die lig van die Bybel. Potchefstroom: IBC. (Brosjure nr. 23.)
FOWLER, S. 1985. Biblical studies in the gospel and society. Potchefstroom: IRS. (Brochure no. 34.)
FOWLER, S. 1987 (reprinted 1991, 1996). The Christian’s social calling. Potchefstroom: IRS. (Brochure no. 38.)
FOWLER, S. 1988. The church and the renewal of society. Potchefstroom: IRS. (Brochure no. 43.)

FOWLER, S. 1988 (reprinted 1996). The state in the light of the Scriptures. Potchefstroom: IRS. (Brochure no. 46.)

VAN DER WALT, B.J. 1988 (herdruk 1990). Mens- en Christenwees in Afrika: kommunalisme, sosialisme en kommunisme in stryd om 'n mensbeeld vir Afrika. Potchefstroom: IRS. (Brosjure nr. 41.)

VAN DER WALT, B.J. 1988 (reprinted 1990). On being human and being a Christian: communalism, socialism and communism in a struggle for an African anthropology. Potchefstroom: IRS. (Brochure no. 42.)

NYIRONGO, L. 1994. Should a Christian embrace Socialism, Communism, Humanism? Potchefstroom: IRS. (Brochure no. 57.)

FOWLER, S. 1995. The oppression and liberation of modern Africa: examining the powers shaping today's Africa. Potchefstroom: IRS. (Brochure no. 63.)

VAN DER WALT, B.J. 1995. Die hand in eie boesem: 'n besinning oor Afrikaneridentiteit. Potchefstroom: IRS. (Brosjure nr. 61.)

VAN DER WALT, B.J. 1997 (reprinted 1999, 2001). Afrocentric or Eurocentric? Our task in a multicultural South Africa. Potchefstroom: IRS. (Brochure no. 67.)

VAN DER WALT, B.J. 1997. Afrosentries of Eurosentries? Ons roeping in 'n multikulturele Suid-Afrika. Potchefstroom: IRS. (Brosjure nr. 66.)

## D. IBC/IRS-versamelwerke (Reeks F3)

SWANEPOEL, H.L. 1969. Die verhouding owerheid-onderdaan in die atoomeeu. (*In* Duvenage, S.C.W., *red.* Die atoomeeu – "in U lig". Potchefstroom: IBC. p. 198-203.)

SMIT, E.J., TALJAARD, J.A.L., VAN DER WALT, P.D. & DUVENAGE, S.C.W., *reds.* 1974 (herdruk 1983). Reformasie en revolusie. Potchefstroom: IBC. (Versamelwerk nr. 2.)

HEYNS, J.A. *et.al.* 1976 (herdruk 1977). Geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing. Potchefstroom: IBC. (Versamelwerk nr. 7.)

VAN DER WALT, B.J. *et.al.* 1976 (herdruk 1977, 1978, 1986 en 1990). Kontak en kommunikasie: aspekte van die ontmoeting tussen die Swartman en Blanke in Suider Afrika. Potchefstroom: IBC. (Versamelwerk nr. 4.)

BOTHA, M.E. *et.al.* 1980. Christenjeug en gesag (ouerlike, kerklike, politieke en akademiese gesag): ACB Kongresreferate 1979. Potchefstroom: IBC. (Versamelwerk nr. 11.)

VAN DER WALT, B.J., *red.* 1984. Ideologiese stryd in Suider Afrika; vlug vir die afgode! Potchefstroom: IRS. (Versamelwerk nr. 22.) In Engels vertaal en in 1988 gepubliseer in *Orientation; international circular of the PU for CHE* onder die titel "Ideological struggle in Southern Africa".

VAN DER WALT, B.J., *red.* 1989. Kommentaar op "Kerk en samelewing". Potchefstroom: IRS. (Versamelwerk nr. 33.)

VAN DER WALT, B.J., *red./ed.* 1991. Venster op mag en geweld: Christelike perspektiewe/Window on power and violence: Christian perspectives. Potchefstroom: IRS. (Versamelwerk/Collection nr./no. 37.)

VAN DER WALT, B.J., *red./ed.* 1991. Kultuurverskeidenheid in Afrika: geleentheid of verleentheid?/Cultural diversity in Africa: embarrasment or opportunity? Potchefstroom: IRS. (Versamelwerk/Collection nr./no. 40.)

VAN DER WALT, B.J., *red./ed.* 1991. Die idee van reformasie: gister en vandag/The idea of reformation: yesterday and today. Potchefstroom: IRS. (Versamelwerk/Collection nr./no. 41).

VAN DER WALT, B.J. 1994 (reprinted in 1996, 1997, 2002 and 2006). The literating message: a Christian worldview for Africa. Potchefstroom: IRS. (Collection no. 44.)

VAN DER WALT, B.J. 1999 (herdruk 2000). Visie op die werklikheid: die bevrydende krag van 'n Christelike lewensbeskouing en filosofie. Potchefstroom: IRS. (Versamelwerk nr. 48.)

VAN DER WALT, B.J. 1999. Religion and society: Christian involvement in the public square. Potchefstroom: IRS. (Collection no. 50.)

VAN DER WALT, B.J. 1999. Godsdiens en samelewing: Christelike betrokkenheid op die markplein. Potchefstroom: IRS. (Versamelingwerk nr. 51.)

VAN DER WALT, B.J. 1999. Kultuur, lewensvisie en ontwikkeling: 'n ontmaskering van die gode van die onderontwikkelende Afrika en die oorontwikkelde Weste. Potchefstroom: IRS. (Versamelwerk nr. 76.)

## E. *Orientation: international circular of the PU for CHO*

**Vir 'n lys van internasionale IRS-konferensies** (vanaf 1983 tot 1995) kan *Orientation,* nr. 75-78, Jan.-Des. 1995, p. 613-621 geraadpleeg word.

**Vir die besluite van IRS-konferensies** (ook oor die destydse politieke situasie in Suid-Afrika) gee dieselfde nommers (75-78) van *Orientation* besonderhede in watter vorige nommers van die blad die besluite gepubliseer is.

**Spesiale uitgawes van *Orientation***
Van die IRS-publikasie *Orientation: international circular of the Potchefstroom University for Christian Higher Education* is die volgende twee uitgawes volledig aan politieke aangeleenthede gewy:

- *Orientation*, no. 75-78, Jan.-Dec. 1995 is gepubliseer onder die titel *Confessing Christ in doing politics: essays on Christian political thought and action.* Dit bestaan uit 32 hoofstukke met bydraes van skrywers uit Suid-Afrika en verskillende ander wêreld-dele oor uiteenlopende fasette van die staat en politiek. Vier hoofstukke oor menseregte vanuit 'n Christelike perspektief is ook ingesluit. Aan die einde (p. 606-612) bied dit ook 'n "Bibliography on Christianity and politics".

- *Orientation*, no. 79-81, Jan.-Dec. 1996 is gepubliseer onder die titel *Christianity and democracy in South Africa: Christian responsibility for political reflection and service.* Dit bestaan uit 30 hoofstukke deur 'n groot verskeidenheid plaaslike en oorsese skrywers wat by die IRS-konferensie oor dieselfde tema in 1996 opgetree het. Bydraes van blywende waarde (d.w.s. nie tydsgebonde nie) is onder andere die volgende:

- Die openingsrede oor "Christianity and democracy" deur P. Marshall (p. 14-23).
- Ervaringe van demokrasie in Afrika (Gitari, D.M., p. 85 e.v.); die VSA (Skillen, J.M., p. 101 e.v.); Engeland (Chaplin, J., p. 112 e.v.); Europa (Rouvoet, A., p. 135 e.v.) en Korea (Shin, W.Y., p. 146 e.v.).
- Onder politieke strategieë is die volgende bydraes insiggewend:
  - "Confessing Christ in politics – How?" deur J.W. Skillen (p. 150 e.v.)
  - "Do the end justify the means?" deur B. Goudzwaard (p. 179 e.v.)
  - "What kind of strategy should a Christian use when he/she is member of a secular political party?" deur J.P. Balkenende (p. 189 e.v.)
  - "What kind of strategies will be applicable in a Christian political party?" deur E. Schuurman (p. 202 e.v.)
- Dr. C.F. Beyers Naude het die konferensie afgesluit met "A vision for the future".
- Behalwe 'n volledige verslag oor die konferensie, bevat die publikasie ook 'n "Bibliography for further study" (p. 278-283).

* *Orientation*, no. 83-86, Jan.-Dec. 1997 is gepubliseer onder die titel *Signposts of God's liberating kingdom: perspectives for the 21st century.* Vol. 1. Dit bevat onder andere 'n waardevolle bydrae deur A.M. Cameron: "A reformational perspective on law and justice" (p. 189-204).
* *Orientation*, no. 87-90, Jan.-Dec. 1998 is gepubliseer onder die titel *Signposts of God's liberating kingdom: perspectives for the 21st century.* Vol. 2. Dit bevat vyf belangrike hoofstukke oor die politiek waaronder die volgende:
  - "When religion and politics mixed in America: what went wrong?" deur R.A. Wells (p. 19 e.v.).
  - "Chances for Christian politics in a God-less society" deur A. Rouvoet (p. 29 e.v.).

- “The revelatory and anticipating character of politics” deur J.W. Skillen (p. 59 e.v.).

## F. Ander belangrike publikasies (nie van IRS nie)

ANON. 1990. Publieke geregtigheid: een Christen-democratische visie op de rol van de overheid in de samenleving. Rapport van het Wetenschappelijk Instituut voor de CDA. Houten: Bohn Stafleu van Loghum.

CHAPLIN, J. & MARSHALL, P., *eds.* 1994. Political theory and Christian vision. Lanham: University Press of America.

CHAPLIN, J.P. 1983. Dooyeweerd’s theory of public justice: a critical exposition. Toronto: Institute for Christian Studies. (Masters of Philosophy thesis.)

DE RUITER, A.C. 1961. De grenzen van de overheidstaak in de antirevolutionaire staatsleer. Kampen: Kok.

DENGERINK, J.D. 1978. The idea of justice in a Christian perspective. Toronto: Wedge Pub. Foundation.

DOOYEWEERD, H. 1986. A Christian theory of social institutions. La Jolla: The Herman Dooyeweerd Foundation.

DOOYEWEERD, H. 1997. Essays in legal, social and political philosophy. Ed. by D.F.M. Strauss. Lewiston: Edwin Mellen. (Collected works of Herman Dooyeweerd, Series B, vol. 2.)

DU PLESSIS, L.M. 1978. Die juridiese relevansie van Christelike geregtigheid. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO. (Proefskrif.)

ERICSON, E.E., MARSHALL, P., NOVAK, M. *et al.* 1989. Servant or tyrant? The task and limits of government. Mississauga: Christian Labour Association of Canada.

GOUDZWAARD, B. 1972. A Christian political option. Toronto: Wedge Pub. Foundation.

HARPER, W.A. & MALLOCH, T.A., *eds.* 1981. Where are we now? The state of Christian political reflection. Lanham: America University Press.

HOMMES, H.J. VAN EIKEMA. 1972. Elementaire grondbeginselen der rechtswetenschap. Deventer: Kluwer.

MARSHALL, P. 1984. Thine is the kingdom: a Biblical perspective on the nature of government and politics today. Basingstoke: Morgan & Scott.

MCCARTHY, R., OPPEWAL, D., PETERSON, W., SPYKMAN, G.J. 1981. Society, state and schools: a case for structural and confessional pluralism. Grand Rapids: Eerdmans.

ROUVOET, A. 1992. Reformatorische staatsvisie. Nunspeet: Marnix van St. Aldegonde Stichting.

SKILLEN, J.W. 1980. Christian’s organizing for political service. Washington: Association for Public Justice.

SKILLEN, J.W., *ed.* 1982. Confessing Christ in doing politics. Washington: Association for Public Justice.

SKILLEN, J.W. & MCCARTHY, R.M. 1991. Political order and the plural structure of society. Atlanta: Scholars Press.

SPYKMAN, G.J. 1976. Sphere-sovereignity in Calvin and the Calvinist tradition. (*In* Holwerda, D.E., *ed.* Exploring the heritage of John Calvin. Grand Rapids: Baker. p. 163-208.)

SUID-AFRIKA. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria: Staatsdrukker.

WOLTERSTORFF, N., *ed.* 1979. Justice in the international economic order: Proceedings of the Second International Conference of Reformed Institutions for Christian Higher Education. Grand Rapids: Calvin College.

**Kernbegrippe:**

amp; gesag en mag
burgers (onderdane)
Instituut vir Reformatoriese Studie
owerheid (regering)
politiek: Christelike/normatiewe
staat

**Key concepts:**

citizens
government
Institute for Reformational Studies
office; authority and power
politics: Christian/normative
state